SimpleStudy®

education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 10

## GESKIEDENIS

## NOVEMBER 2019

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n addendum van 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA NA 1750

   VRAAG 2: DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG EN UNIE VANAF 1899 – 1910

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 3: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750

   VRAAG 4: DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG EN UNIE VANAF 1899 – 1910

2. AFDELING A bestaan uit TWEE brongebaseerde vrae. bron materiaal wat is nodig om die vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit TWEE opstelvrae.

4. ‘n Totaal van DRIE (3) vrae moet soos volg beantwoord word:

   4.1 Ten minste EEN vraag moet 'n brongebaseerde vraag wees en EEN 'n opstelvraag.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf ‘n brongebaseerde vraag óf ‘n opstelvraag wees.

5 Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. Wanneer vrae beantwoord word, behoort jy jou kennis, vaardighede en insig toe te pas.

7. Jy sal benadeel word deur bloot die bronne as antwoorde te herskryf.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Begin ELKE vraag op ‘n NUWE bladsy.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat gebruik word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: WAT SE TRANSFORMASIES HET NA 1750 IN SUIDER-AFRIKA PLAASGEVIND WAT TOT DIE UITBREIDING VAN SUIDER TSWANA-HOOFMANSKAPPE GELEI HET?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wie, volgens die bron, was die voorouers van die Setswana-sprekende mense wat in die Bosveldstreek gewoon het? (1 x 1) (1)

1.1.2 Noem DRIE produkte waarmee die Tswana-sprekende mense, vanaf die 18de eeu, suksesvol geboer het. (3 x 1) (3)

1.1.3 Definieer die konsep *nedersetting* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Wat, volgens die bron, het die Tswana-sprekende mense hout voor gebruik? (3 x 1) (3)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Hoe, volgens die bron, weet ons dat Tswana-sprekende mense met ander streke handel gedryf het? (2 x 1) (2)

1.2.2 Noem DRIE stamme waarmee die Tswana-sprekende mense, gedurende die 18de eeu, handelskakels gehad het. (3 x 1) (3)

1.2.3 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron vir 'n historikus wat die uitbreiding van die Setswana-mense in die 18de eeu navors. (2 x 2) (4)

1.2.4 Deur die inligting in die bron en jou eie kennis te gebruik, verduidelik hoe die Tswana-Hoofmanskappe gedurende die 18de eeu, groter en magtiger geword het. (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Wat dink jy was die alledaagse aktiwiteite van die volgende mense in Dithakong (Tswana-nedersetting):

a) Die Tswana-vroue (1 x 2) (2)

b) Die Tswana mans (1 x 2) (2)

1.3.2 Lewer kommentaar op, wat jy dink, die volgende stelling in die konteks van die uitbreiding van Tswana-nedersettings impliseer. ' 'n Menigte huise wat strek sover die oë kon sien . . .' (2 x 2) (4)

1.3.3 Volgens die visuele bron, watter materiale is gebruik om die huise in Dithakong te bou? (2 x 1) (2)

1.4 Verwys na Bron 1D.

1.4.1 Noem die DRIE naburige state van die Tswana-nedersettings waarna in die bron verwys word. (3 x 1) (3)

1.4.2 Wat, volgens die bron, het daartoe gelei dat verskeie Tswana-Hoofmanskappe alliansies met mekaar verbind het vir beskerming? (2 x 1) (2)

1.4.3 Watter nedersetting, volgens die bron, het as gevolg van mededinging vir hulpbronne gedurende hierdie tydperk uitgebrei? (1 x 1) (1)

1.5 Vergelyk Bronne 1C en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1D die visuele inligting in Bron 1C ondersteun aangaande die uitbreiding van die Tswana-nedersettings gedurende die 1800's. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die faktore, wat tot die uitbreiding van Tswana-nedersettings in die tydperk 1750 tot 1820 gelei het, verduidelik. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WET OP GROND VAN 1913 DIE GRONDONTEIENING TUSSEN SWART SUID-AFRIKANERS VERSKERP**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A

2.1.1 Verduidelik die term *Wet op Naturelle Grondbesit* in die konteks van die implementering van arpartheidswetgewing in Suid-Afrika. (1 x 2) (2)

2.1.2 Wat, volgens die bron, het beïnvloed dat die Wet op Naturelle Grondbesit van 1913 bekragtig word. (1 x 2) (2)

2.1.3 Noem TWEE maniere waarop dié Wet beklemtoon dat Swartboere verhoed is om met blanke boere te kompeteer. (1 x 2) (2)

2.1.4 Waarom, volgens die bron, dink jy is die onteiening van grond, van Swart Suid-Afrikaners, goed beplan? (2 x 2) (4)

2.1.5 Wat, volgens die bron, het daartoe gelei dat die 1913 Wet op Grondbesit beide die Swart-deelboere en elke huurder op ‘n negatiewe manier beïnvloed het? (1 x 2) (2)

2.1.6 Verduidelik waarom jy dink dat die 1913 Wet op Grondbesit die blanke-Arikaners se doelwitte bereik het. (2 x 2) (4)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Haal bewyse uit die bron aan wat dui dat Feinberg nie ten gunste van die 1913 Wet op Naturelle Grondbesit was nie. (1 x 1) (1)

2.2.2 Verduidelik tot watter mate die 1913 Wet op Naturelle Grondbesit die ekonomiese aktiwiteite van beide die Swart en blanke boere ontwrig het. (1 x 2) (2)

2.2.3 Noem DRIE maniere waarop die 1913 Wet op Naturelle Grondbesit armoede onder die swart gemeenskap veroorsaak het. (3 x 1) (3)

2.2.4 Vergelyk Bronne 2A en 2B. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2B die inligting in Bron 2A ondersteun ten opsigte van hoe armoede die swart Suid-Afrikaners geraak het. (2 x 2) (4)

2.3 Verwys na Bron 2C.

2.3.1 Watter bewyse, volgens die bron, dui daarop dat Mev. Kgobali van haar plaas uitgesit is? (1 x 2) (2)

2.3.2 Watter bewyse in die bron dui daarop dat die eienaar van die Oranje-Vrystaatse plaas wreed was? (1 x 1) (1)

2.3.3 Volgens die bron, watter kritiek was daar teen die 1913 Wet op Naturelle Grondbesit? (2 x 2) (4)

2.3.4 Watse boodskappe word in hierdie bron weergegee, ten opsigte van die negatiewe impak van die Wet op Naturelle Grondbesit op swart Suid-Afrikaanse boere? (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2D.

2.4.1 Volgens die inligting in die bron, wat het die vroue gedwing om die kos buite in die oop veld voor te berei? (1 x 1) (1)

2.4.2 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die spotprent aan 'n historikus wat die 1913 Wet op Grondbesit ondersoek. (Enige 2 x 2) (4)

2.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf ‘n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die 1913 Wet op Naturelle Grondbesit die grondonteiening onder Swart Suid-Afrikaners verskerp het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 3: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750

'*Nadat die Engelse in 1803 beheer oor die Kaap, van die Nederlanders, oorgeneem het, is die beleid van Anglikisering onmiddellik by die Kaap ingestel. Hierdie beleid het beteken dat Engels 'n onderrigtaal by skole, howe, kerke en in enige regerings-instansie gebruik sou word*.'

Stem jy met die bostaande stelling saam? Verduidelik die veranderinge wat die Britse- regering aan die Kaap gemaak het volledig, en dui aan hoe die Boere op hierdie veranderinge gereageer het.

**[50]**

### VRAAG 4: DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG VAN 1899-1902

*'Die ontdekking van goud in Transvaal gedurende die 1880's het baie Mense gelok, veral die buitelanders wat as geskoolde arbeiders by hierdie nuutgestigte goudmyne gewerk het. Die meerderheid van hierdie buitelanders was die Engelse onderdane wat later die franchise-regte van die Transvaalse regering geëis het*.'

Bespreek hierdie stelling deur aan te dui hoe Britanje in die oorlog met die Transvaalse regering betrokke geraak het tot-en-met die twee state uiteindelik die Verdrag van Vereeniging, in 1903, onderteken het.

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou